# NIE-VERBALE GEDRAG: KOMMUNIKASIE, TOEGESKRYFDE KOMMUNIKASIE EN NIE-KOMMUNIKASIE

## F H TERBLANCHE

### ABSTRACT

One of the major issues surrounding the concept of non-verbal communication is which forms of non-verbal behaviour qualify as communication. It is in this regard that this article strives to formulate some points of departure for a teaching approach to non-verbal communication.

The main characteristics of the three most important perspectives relating to non-verbal communication are assessed. By combining certain aspects of the three perspectives, omitting others and adding new perspectives, it is proposed that one can distinguish between communication, ascribed communication and non-communication.

Communication behaviour encompasses all forms of intentional or goal-directed behaviour, or behaviour for which proof exists that encoding is taking place and is being interpreted as such. Ascribed communication encompasses indicative behaviour upon which conclusions are based, or to which intention or meaning is ascribed. Non-communicative behaviour encompasses non-verbal behaviour which is neither goal-directed nor interpreted as such.

Although this distinction should be scientifically refined even further, it may serve as a basis for a description of non-verbal communication.



*Prof. Terblanche is hoof van die Dept. Kommunikasiekunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.*

### ORIËNTERENDE INLEIDING

#### Algemeen

Wie vanuit 'n onderrigperspektief op die terrein van nie-verbale gedrag binne 'n kommunikasiekonteks werksaam is, is wel deeglik daarvan bewus dat die begrip nie-verbale kommunikasie vir uiteenlopende interpretasies vatbaar is. Daar bestaan dan ook nie in die vakwetenskaplike en didaktiese literatuur oor kommunikasie eenstemmigheid oor byvoorbeeld presies wat



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

nie-verbale kommunikasie behels, die terme wat vir die onderskeie nie-verbale boodskappe gebruik word of die wyses waarop dit geklassifiseer word nie. Vir die didakties-georiënteerde kommunikasiekundige is dit weliswaar ook geen maklike taak om uitgangspunte te formuleer aan die hand waarvan nie-verbale kategorieë georden kan word nie.

## 'n Aanduiding van enkele probleme rondom die omskrywing van nie-verbale kommunikasie

In sommige omskrywings van en verwysings na nie-verbale kommunikasie word nie 'n onderskeid tussen sosiale gedrag en kommunikatiewe gedrag getref nie. Hierdie omskrywings is in die reël so wyd dat dit alle vorme van kommunikatiewe, indikatiewe en nie-kommunikatiewe gedrag insluit wat nie van 'n woord-aard is nie. Soms weer word sulke hoë vereistes aan informatiewe nie-verbale gedrag gestel ten einde as kommunikatiewe gedrag te kan kwalifiseer dat relatief min menslike gedragsuitinge wel as aspekte van nie-verbale kommunikasie beskou kan word (vgl. bv. Siegman & Feldstein, 1987:3-4; Kendon, 1981:2-7).

Mehrabian (1972:1) het 'n groot aantal vakwetenskaplike besprekings oor nie-verbale verskynsels nagegaan en tot die gevolgtrekking geraak dat daar, vanuit 'n kommunikasiekundige oogpunt beskou, veral twee benaderingswyses tot nie-verbale gedrag bestaan. In die eng en meer akkurate sin van die woord word van die standpunt uitgegaan dat die begrip nie-verbale gedrag verwys na handelinge wat te onderskei is van spraak. Hierteenoor geld die standpunt dat nie-verbale gedrag ook 'n verskeidenheid subtiele aspekte van spraak insluit.

Op 'n ander vlak, word soms van die veronderstelling uitgegaan dat sodra die nie-verbale gedrag van 'n persoon in terme van woorde geïnterpreteer word, sodanige nie-verbale gedrag in werklikheid 'n verbale verskynsel word (vgl. Knapp, 1980:3). Sekere dimensies van verbale en nie-verbale kommunikasie is in elk geval in bepaalde opsigte so nou verweef dat 'n onderskeid tussen die twee kommunikasiekodes kwalik langs simplistiese weë bedink kan word (vgl. bv. Poyatos, 1983:66-69; Lyons, 1972:53). Dienaangaande kan, afgesien van byvoorbeeld die verband wat daar tussen gebare en taal bestaan, verwys word na die verskynsel dat nie-segmentele klankkenmerke soos luidheid, toon en lengte op sowel die linguistiese as die nie-linguistiese vlak kan funksioneer.

Sebeok (1977:1065) stel dit dan ook onomwonde dat die begrip nie-verbale kommunikasie een van die begrippe in die semiotiek is wat die ondoeltreffendste omskryf word. Stokoe (1978:162) verkies selfs dat sowel die begrip nie-verbaal as die begrip verbaal liefs vermy moet word (vgl. ook Knapp, Wiemann & Daly, 1978:297).

Wat die omskrywing van nie-verbale kommunikasie betref, is dit veral die intensionaliteitskwalifikasie vir kommunikasie wat allerlei strydvrae ontlok (vgl. Patterson, 1983:42).

## Kwessies rondom die intensie-kriterium vir kommunikasie

In die kommunikasiekundige literatuur word die vraag betreklik algemeen gestel of die bewustelike bedoeling van die mededeler 'n kriterium vir kommunikasie is al dan nie (vgl. Bormann, 1980:26). Dat hierop nog nie 'n finale antwoord bestaan of waarskynlik ooit sal bestaan nie, spreek duidelik uit die feit dat daar dikwels in die literatuur onderskei word tussen definisies wat



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

die kommunikasieproses beperk tot gebeure waar die mededeler die bedoeling het om te kommunikeer en definisies waarin die kriterium van intensionaliteit nie 'n vereiste is nie (vgl. bv. Nilsen, 1970:16; Whitman & Boase, 1983:7-8).

Marais (1979:15), byvoorbeeld, beperk kommunikasie tot 'n doelbewuste proses, maar erken dan "dat die onderskeid tussen 'n nie-verbale kode en gewone gedragsuitinge of handelinge soms baie moelik bepaalbaar is" (p. 61). Die riglyn wat Marais (1979:61) in dié verband toepas "is om 'n handeling as kommunikatief te klassifiseer wanneer dit bedoel was om by te dra tot die vergemeenskapliking van betekenis". Hierteenoor omskryf Poyatos (1983:191) op 'n ietwat omslagtige wyse die kinestiek as "die sistematiese studie van die bewuste of onbewuste psigomuskulêr-gebaseerde liggaamsbewegings ... wat in isolasie of in kombinasie met linguistiese of paralinguistiese strukture en met ander somatiese en objektuele gedragsisteme bedoelde of onbedoelde kommunikatiewe waarde besit."

Volgens Stappers (Fauconnier, 1985:33) blyk intensionaliteit, of die gebrek daaraan, nie 'n groot probleem te wees indien kommunikasie goed omskryf is nie. Dit mag so wees, maar die feit dat dit dikwels nie die geval is nie, of, soos reeds in 'n mate aangedui is, op meer as een wyse omskryf kan word, het vir diegene wat hulle besig hou met byvoorbeeld die onderrig van nie-verbale kommunikasie besondere praktiese implikasies. Só ontstaan daar ten opsigte van omskrywings waarin kommunikasie as 'n doelbewuste proses beskou word vrae soos hoe eksplisiet die intensie van die mededeler moet wees alvorens die gedrag wat daaruit voortvloei as kommunikasie kwalifiseer óf watter rol onbewuste intensie in kommunikasie speel. Word die onderskeid tussen kommunikatiewe en nie-kommunikatiewe gedrag deur 'n enkoderingsperspektief, 'n dekoderingsperspektief of albei bepaal? Is so 'n onderskeid prakties gesproke werklik moontlik? Die vraag kan ook gestel word of daar byvoorbeeld 'n bevredigende epistemologiese basis vir die bepaling van die intensionaliteit van die mededeler bestaan (Wiener, Devoe, Rubinow & Geller, 1972:202; Patterson, 1983:40-42).

Die probleme wat die uiteenlopende omskrywings van nie-verbale kommunikasie met betrekking tot veral die onderskeid tussen kommunikatiewe en nie-kommunikatiewe gedrag skep, kan uiteraard vanuit verskillende gesigspunte benader en hanteer word. Een so 'n invalshoek is om opnuut aspekte van die belangrikste teoretiese perspektiewe op nie-verbale kommunikasie in oënskou te neem en dan langs die weg van saamvoeging, weglating en byvoeging 'n bruikbare sintese as uitgangspunt vir 'n spesifieke doel te formuleer. Dit is hierdie benaderingswyse wat in die onderhawige bespreking inleidend en ter wille van praktiese oorwegings ietwat kursories aan die orde gestel word. So benader, word nietemin gepoog om rondom die onderskeid tussen kommunikatiewe en niekommunikatiewe gedrag enkele basiese vertrekpunte vir die onderrig van nieverbale kommunikasie daar te stel.

## NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE: 'N OORSIG VAN ENKELE ASPEKTE VAN TEORETIESE PERSPEKTIEWE

### Algemeen

Navorsing oor nie-verbale gedrag word vanuit 'n verskeidenheid teoretiese perspektiewe benader. Dié perspektiewe behels onder meer die volgende: (1) die strukturele benadering; (2)



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

verwerkings van Mead (1934) se simboliese interaksionisme; (3) die etologiese benadering; en (4) die eksterne veranderlike benadering (Exline & Fehr, 1982:94-100). Elk van hierdie en ander navorsingsperspektiewe het enersyds verskillende metodologiese implikasies en is andersyds ingebed in 'n bepaalde benadering tot die omskrywing van nie-verbale kommunikasie.

Die verskillende perspektiewe waaruit nie-verbale kommunikasie omskryf kan word, kan breedweg in drie kategorieë ingedeel word, naamlik: (1) dié waarin alle vorme van sosiale gedrag as kommunikasie beskou word; (2) dié waarin slegs doelbewuste of doelgerigte vorme van gedrag as kommunikasie beskou word; en (3) dié waarin slegs sommige vorme van gedrag as kommunikasie beskou word (Patterson, 1983:36-42).

Vervolgens word die belangrikste kenmerke van elk van die drie perspektiewe in oënskou geneem.

## Alle waarneembare vorme van gedrag is kommunikasie

'n Baie bekende wyse waarop kommunikasie dikwels omskryf word, is om as uitgangspunt te aanvaar dat alle vorme van menslike gedrag binne die konteks van 'n interaksie kommunikatiewe waarde besit (vgl. Patterson, 1983:37; Whitman & Boase, 1983:7, 20). Die opvatting dat alle gedrag kommunikasie is of dat kommunikasie omskryf kan word as die oordra van inligting in watter vorm ook al, is in sekere sin 'n gevolg van ontwikkelings in die informasieteorie (Kendon, 1981:8). Shannon & Weaver (1949:95) gaan byvoorbeeld van die standpunt uit dat die begrip kommunikasie sowel verskynsels soos die geskrewe en die gesproke woord, musiek, skilderkuns, teater en ballet as alle vorme van menslike gedrag insluit (vgl. ook Ruesch, 1953:215-243).

Dit is kragtens bogenoemde vertrekpunt dat Watzlawick, Beavin & Jackson (1967:48-49) stel dat ongeag of die mens probeer om nie te kommunikeer nie, hy nogtans nie kan nie-kommunikeer nie. Die enigste werklike voorwaarde vir dié stelling is dat die gedrag deur 'n ander persoon vertolk moet word. Of sodanige gedrag toevallig of onbedoeld is, en of dit in die vorm van 'n stilte of onaktiwiteit voorkom, verander nie daaraan dat dit potensieel betekenisvol is en kan bydra tot die interaksionele proses nie. Trouens, Watzlawick *et al.* (1967:48) stel dit duidelik dat 'n persoon se gedrag nie net 'n invloed op ander persone het nie, maar dat die sogenaamde ander persone ook nie kan nie-reageer nie. Sowel reaksie as nie-reaksie word dus as 'n vorm van kommunikasie beskou.

Hierdie benadering is onder meer gebaseer op die aanname dat mense wat in interaksie verkeer, deelneem aan 'n sisteem van gedragsrelasies. Hiervolgens is kommunikasie, soos Patterson (1983:37) die betrokke benadering verwoord, sélf 'n sisteem wat nie gesegmenteer kan word in enkodeerder- en dekodeerder-elemente nie.

Die deelgenote in die interaksie maak gebruik van 'n groot aantal verskillende soorte gedragsaspekte wat in ag geneem moet word by die ontleding van die kommunikasieproses. Die funksionering van elke gedragsaspek word bepaal deur die konteks waarin dit plaasvind. 'n Bepaalde gedragsaspek - soos byvoorbeeld 'n spesifieke handgebaar - se kommunikatiewe betekenis lê dus in die verhouding wat dit vorm met ander gedragsapekte binne die konteks van die totale gedragsisteem waarin dit voorkom. In dié



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

verband word geargumenteer dat woorde en handelinge sonder 'n konteks geen betekenis in enige opsig het nie (Bateson, 1979:15).

'n Onderskeid tussen 'n enkodeerder en 'n dekodeerder in 'n interaksie, of 'n konsentrasie op slegs sekere aspekte van gedrag, doen - aldus die onderhawige benadering - geweld aan die hele kommunikasieproses in die sin dat dit die basiese interpersoonlike en multikanaal-verhoudings in die proses vernietig (Patterson, 1983:37).

Aspekte van die uitgangspunte van navorsers soos Scheflen (1965, 1966, 1972, 1974) en Birdwhistell (1952, 1970) wat onder meer 'n strukturele benadering volg, stem in sekere opsigte ooreen met bogenoemde benadering tot die omskrywing van nie-verbale kommunikasie. In die strukturele benadering word aspekte van die metodologie van die linguistiese strukturalisme toegepas. Hiervolgens word nie-verbale gedrag beskou as 'n reël-beheerde, holistiese, hiërargiese, georganiseerde sisteem. Gevolglik behoort kommunikasie as 'n totale gedragshandeling in 'n werklike kommunikasiesituasie bestudeer te word (Exline & Fehr, 1982:94).

In byvoorbeeld Scheflen (1965:245-257) se bespreking van kwasi-hofmaakgedrag blyk dit duidelik dat hy enige vorme van gedrag wat binne 'n interpersoonlike konteks voorkom as nie-verbale kommunikasie beskou. 'n Besondere klem word geplaas op die belangrikheid van die struktuur, gepatroneerdheid en konteks van menslike gedrag. Die uitgangspunt is dat die voorkoms van gepatroneerde gedragsrelasies tussen mense bepaal word deur die vermoë van mense om hulle gedrag te organiseer in patrone wat 'n voorspelbare struktuur en organisasie besit. Die betekenis van 'n bepaalde gedragsvorm word dus slegs in verhouding tot ander gedragsvorme in die konteks van werklike lewensinteraksies bepaal (vgl. bv. Scheflen, 1966:276-277). Scheflen (1972:xiii) het 'n besondere bydrae in dié verband gelewer deur onder meer navorsing te doen oor gesigsuitdrukking, liggaamshouding, liggaamsbeweging en aanrakingsgedrag in verhouding tot groter kontekste van groepprosesse en die sosiale orde as geheel.

Uit Birdwhistell (1952, 1970) se pogings om aan te dui dat liggaamsgedrag ontleed kan word aan die hand van toegepaste linguistiese metodes, blyk dit dat die begrip kommunikasie na die proses verwys waarin inligting deur enige vorm van gedrag oorgedra word. Birdwhistell (1952:17) onderskei tussen agt bronne van potensieel betekenisryke liggaamsgedragsvorme, naamlik (1) kopbewegings; (2) gesigspel; (3) nek; (4) rompbewegings; (5) skouer-armpols; (6) handgebare; (7) heup-gewrigbeen-enkel; en (8) voet. Ten opsigte van hierdie indeling word van die veronderstelling uitgegaan dat die betekenis van 'n bepaalde gedragsaspek soos 'n glimlag of 'n kopknikbeweging slegs duidelik word as die totale konteks waarin dit voorkom in detail ontleed word (vgl. Birdwhistell, 1970:29-39, 158-166).

Samevattend kan met betrekking tot die voorgaande perspektief gestel word dat die soorte gedragsvorme wat as kommunikasie kwalifiseer, feitlik onbeperk is. Dit sluit byvoorbeeld alle vorme van bewuste, onbewuste, bedoelde, onbedoelde, doelgerigte, nie-doelgerigte en toevallige informatiewe gedrag in waaruit boodskappe afgelei kan word of waaraan betekenis toegeskryf kan word.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

## DOELBEWUSTE OF DOELGERIGTE GEDRAG IS KOMMUNIKASIE

### Kommunikasie geskied intensioneel

In die voorgaande perspektief is die intensie van die mededeler of die ontvanger hoegenaamd nie 'n faktor in die bepaling van kommunikasie nie omdat alle menslike interaktiewe gedrag as kommunikatief beskou word. Hierteenoor is daar, soos reeds aan die hand van Marais (1979) se omskrywing van kommunikasie aangedui is, die uitgangspunt dat slegs intensionele gedrag as kommunikasie kwalifiseer.

Wat die intensionaliteitskwalifikasie vir kommunikasie betref, kan vir die doeleindes van hierdie bespreking gelet word op enkele aspekte van die beskouing van Ekman & Friesen (1981:61-66). Hierdie twee navorsers wys tereg daarop dat intensionaliteit 'n konsep is wat tradisioneel deur psigoloë wat geïnteresseerd was in menslike kommunikasie om veral twee redes vermy is. Die een rede was dat dit nie moontlik is om intensionaliteit te operasionaliseer nie, terwyl die ander rede daarmee verband hou dat navorsers verstrik kan raak in vrae betreffende die vlakke van intensie of onbewustelike intensie.

Ekman & Friesen (1981:61) is nietemin daarvan oortuig dat daar sekere nie-verbale gedragsvorme bestaan wat doelbewus deur mededelers aangewend word as kommunikatiewe tekens om boodskappe mee oor te dra. Dit is ook moontlik om deur middel van sowel naturalistiese as eksperimentele metodes hierdie handelinge, wat hulle as embleme omskryf (p. 71), van ander gedragsvorme te onderskei. Hulle erken egter dat die intensionaliteit van die sogenaamde ander gedragsvorme (nie-emblematiese gedrag) problematies is en dat dit nie moontlik is om die intensionaliteit van elke geval van nie-verbale kommunikasie te bepaal nie. Hulle omskrywing van intensionaliteit sluit nie gedrag in wat onbewustelik bedoel word nie (p. 62).

In Ekman & Friesen (1981:62-66) se uiteensetting van die verskillende soorte nie-verbale gedragsvorme wat met betrekking tot kommunikasie relevant is, onderskei hulle in die eerste plek tussen idiosinkratiese en gedeelde betekenis.

'n Nie-verbale handeling besit idiosinkratiese betekenis as daar 'n mate van reëlmatigheid in die inligting is wat geassosieer word met die voorkoms daarvan, maar die assosiasie slegs eie is aan 'n enkele individu. 'n Handeling het gedeelde betekenis as die inligting wat daarmee geassosieer word algemeen bekend is aan 'n spesifiseerbare groep individue.

Sowel idiosinkratiese as gedeelde betekenis kan verwys na óf die enkodering óf die dekodering van 'n handeling. 'n Handeling het idiosinkratiese geënkodeerde betekenis as dit voortgebring word onder soortgelyke omgewings- of stimulusomstandighede deur een individu, maar nie deur ander nie. Die geënkodeerde betekenis is dus idiosinkraties as die betekenis daarvan eie is aan een persoon, en gedeelde betekenis as die betekenis daarvan algemeen is vir 'n groep persone.

'n Nie-verbale handeling het idiosinkratiese gedekodeerde betekenis as dit spesifieke inligting konsekwent oordra aan 'n enkele persoon, maar nie aan ander nie. Gedeelde gedekodeerde betekenis vind plaas wanneer 'n spesifiseerbare groep boodskapontvangers normaalweg ooreenstem wat betref die inligting wat deur 'n nie-verbale handeling oorgedra word.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Ekman & Friesen (1981:63) stel dit baie duidelik dat hulle nie na idiosinkratiese en gedeelde handelinge verwys nie. Die terme verwys slegs na die betekenis wat met dié handelinge geassosieer word.

Ekman & Friesen (1981:63-65) tref 'n onderskeid tussen informatiewe, kommunikatiewe en interaktiewe nie-verbale gedrag. Dié onderskeid het ten doel om aan te dui hoe hulle beskouing van onder andere Birdwhistell (1970) en Scheflen (1973) se uitgangspunt verskil, waarin daar byvoorbeeld nie onderskei word tussen gedrag wat 'n gedekodeerde betekenis besit, gedrag wat bedoel is om 'n boodskap oor te dra en gedrag wat 'n ander persoon se interaksie beïnvloed nie.

Informatiewe gedrag behels volgens Ekman & Friesen (1982:63) alle gedragsvorme wat 'n mate van gedeelde gedekodeerde betekenis het. Die gebruik van die begrip informatiewe gedrag impliseer nie dat die handelinge doelbewus aangewend word om die inligting oor te dra nie. 'n Informatiewe handeling dra ook nie noodwendig korrekte of akkurate inligting omtrent die mededeler oor nie. Die inligting wat deur middel van informatiewe gedrag oorgedra word kan byvoorbeeld boodskappe behels soos om iemand te groet, of dit kan op die vlak lê van 'n gevoelsinhoud, persoonlikheid of houding.

Kommunikatiewe gedrag omvat alle handelinge wat duidelik en bewustelik deur die mededeler bedoel word om 'n spesifiseerbare boodskap aan 'n ontvanger oor te dra. Só benader, word alle vorme van informatiewe gedrag wat nie doelbewus gekommunikeer word nie, uitgesluit. Vir Ekman & Friesen (1981:64) is kommunikatiewe handelinge nie noodwendig akkurate draers van inligting nie. Daarom word die term kommunikatiewe gedrag ook nie beperk tot gevalle waar die gedekodeerde inligting ooreenstem met die bedoelde inligting van die mededeler nie. Sodanige gebeure word beskou as akkurate kommunikasie, terwyl gedekodeerde inligting wat nie ooreenstem met die bedoeling van die mededeler nie, as wankommunikasie of onakkurate kommunikatiewe gedrag beskou word.

Kommunikatiewe handelinge hoef nie noodwendig 'n gedeelde gedekodeerde betekenis te hê nie; daar kan nie-informatiewe kommunikatiewe handelinge voorkom waar die mededeler bewustelik die bedoeling het om 'n boodskap oor te dra, maar waar die ontvanger dit nie begryp nie. Veronderstelde onbewustelike bedoelings om 'n boodskap oor te dra, word nie in die omskrywing van kommunikatiewe nie-verbale gedrag ingesluit nie. Net so sluit die omskrywing ook enige kriterium uit dat die ontvanger se interaksie met die mededeler beïnvloed moet word deur die mededeler se kommunikatiewe handeling (p. 64).

Interaktiewe gedrag omvat die handelinge van 'n persoon in 'n interaksie wat duidelik die interaktiewe gedrag van die ander persoon of persone verander of beïnvloed. In gevalle waar die invloed op die interaksie gedeel word in die sin dat meer as een ontvanger die mededeler se handeling dekodeer en op 'n interaktiewe wyse daarop reageer, word verwys na informatief-interaktiewe gedrag. Indien die mededeler se handeling slegs een ontvanger beïnvloed, word sodanige handeling as idiosinkraties-interaktief beskou. Nie alle vorme van informatiewe gedrag is dus interaktief nie, terwyl interaktiewe gedrag ook nie noodwendig kommunikatief is nie. 'n Mededeler se informatiewe handelinge kan byvoorbeeld 'n invloed op die interaksie uitoefen sonder dat daar 'n bedoeling was om te kommunikeer (p.64).



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Nie-verbale gedrag kan volgens Ekman & Friesen (1981:68) op 'n ekstrinsieke of 'n intrinsieke wyse gekodeer word. In 'n ekstrinsieke kode kan die kodering op 'n arbitrêre of 'n ikoniese wyse plaasvind. Handelinge wat arbitrêr gekodeer word, vertoon nie 'n visuele ooreenkoms met die referente waarna dit verwys nie. So is handgebare wat 'n aanduiding van groet of vertrek is, 'n voorbeeld van arbitrêre kodering omdat dit nie intrinsiek wys wat dit aandui nie. Hierteenoor vertoon nie-verbale gedrag wat ikonies gedekodeer word 'n sekere mate van ooreenkoms met dit wat aangedui word. Pikturale gedrag, soos wanneer 'n persoon met behulp van albei hande die vorm van 'n objek aandui, is 'n voorbeeld van ikoniese kodering (p. 70).

Handelinge wat intrinsiek gedekodeer word, vorm gedeeltelik dit wat aangedui word. Die betekenis van die handeling is 'n intrinsieke deel van die handeling self. Dié soort kodering vind plaas wanneer 'n persoon byvoorbeeld gedurende 'n gesprek letterlik 'n ander persoon slaan. Die slaanhandeling kan as 'n vorm van aggressie, dit wil sê dit waarna dit verwys, beskou word (p. 68).

Ekman & Friesen (1981:70-104) gee 'n duidelike uiteensetting van hulle nie-verbale kommunikasiebeskouing deur na vyf kategorieë van nie-verbale gedrag te verwys. Hierdie welbekende kategorieë, naamlik embleme, illustreerders, reguleerders, affekvertoners en aanpassers behels in werkliheid 'n baie groot verskeidenheid gedragsvorme. Omdat die kategorieë nie eksklusief is nie, kan dieselfde nie-verbale handeling in meer as een kategorie geplaas word (p. 100).

Embleme, om met een van die kategorieë as voorbeeld te volstaan, behels alle aangeleerde gedragshandelinge wat 'n direkte verbale vertaling het soos die knikkende beweging vir "ja" of die optrek van die skouers as aanduiding van twyfel of onverskilligheid. Die gebruikmaking van embleme is meestal 'n weloorwoë en intensionele poging tot kommunikasie. Emblematiese vergissings of die onbewustelike gebruik van embleme kan egter ook soms in kommunikasiesituasies voorkom. Hierbenewens oefen embleme dikwels 'n invloed uit op die gedrag van die boodskapontvangers. Embleme is dus in die reël kommunikatiewe gedragsvorme, maar dit kan ook op die informatiewe of interaktiewe vlak funksioneer (p. 72). Die beginsel geld in 'n mindere of meerdere mate vir elk van die vyf kategorieë.

**Doelgerigte gedrag is kommunikasie**

MacKay (1972:4-5) voer aan dat as daar nie ten opsigte van die begrip nie-verbale kommunikasie 'n onderskeid getref word tussen byvoorbeeld indikatiewe en kommunikatiewe gedrag nie, die studie van nie-verbale kommunikasie alle vorme van interaksie in die heelal insluit behalwe die gebruik van woorde. Om te voorkom dat die begrip nie-verbale kommunikasie niksbeduidend word, is dit dus nodig om die toepassing van die begrip te beperk (p. 4, 25).

MacKay (1972:4) aanvaar as uitgangspunt dat alle gedrag, selfs nie-gedrag, potensieel informatief is. As vertrekpunt vir so 'n benadering stel MacKay (1972:5) dat slegs gedragsvorme wat 'n interne organisasiefunksie in die ontvanger het as kommunikasie beskou kan word. Kommunikatiewe gedrag het met ander woorde 'n effek op boodskapontvangers. In ooreenstemming dus met die beskouing van Ekman & Friesen (1981), beperk MacKay (1972:25) die begrip kommunikasie tot gevalle waar die gedrag van die mededeler doelgerig is ten opsigte van die ontvanger. Só



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

benader, moet die effek van die kommunikasiehandeling deur die mededeler geëvalueer word (p. 21). Die begrip evaluasie word omskryf as 'n proses waardeur die een of ander aanduiding van die huidige of die voorspelde uitkoms vergelyk word met die een of ander interne "doelwit-kriterium", sodat sekere soorte teenstrydighede of "verkeerde samevoegings" (dié wat negatief geëvalueer is), aktiwiteit kan uitlok wat bereken is om die teenstrydighede te verminder (p. 11). Indien die verlangde doel nie bereik is nie, lê dit op die weg van die mededeler om korrektiewe kommunikatiewe gedrag aan die dag te lê (p. 11-12).

Opsommend gestel, kom Mackay (1972) se standpunt daarop neer dat hy onderskei tussen kommunikatiewe gedrag, dit wil sê gedrag wat uitdrukking gee aan 'n persoon se doel en as sodanig waargeneem en geïnterpreteer word, en gedrag wat byvoorbeeld bloot op die vloei van inligting dui of 'n passiewe manifestasie van 'n simptoom is. Die begrip nie-verbale kommunikasie word sodoende beperk tot nie-verbale gedrag wat as doelgerig geëvalueer word.

**Slegs sommige gedragsvorme kan as kommunikasie beskou word**

Wiener, Devoe, Rubinow & Geller (1972:199) verwerp ook die uitgangspunt dat alle vorme van gedrag wat in die teenwoordigheid van 'n ander persoon plaasvind, as kommunikasie beskou kan word. Hulle standpunt kom onder meer daarop neer dat indien kommunikasie op so 'n wyse omskryf word dat dit alle vorme van gedrag insluit, daar geen voordeel aan verbonde is om eerder die begrip kommunikasie te gebruik as "gedrag" in 'n interpersoonlike konteks nie.

Die idee dat die betekenis van nie-verbale gedrag slegs bepaalbaar is as die totale konteks bekend is, vind Wiener *et al.* (1972:197-198) onaanvaarbaar, omdat dit logies gesproke onmoontlik is om die totaliteit te ken. In dié verband stel hulle dat aangesien die mens nie weet of daar iets is wat hy nié weet nie, hy nie kan seker wees of hy die totaliteit ken nie. In elk geval is die ondersoek na die totale konteks 'n eindelose taak aangesien dit altyd moontlik sal wees om nog iets by die totaliteit in te sluit (p. 198).

Hoewel hulle in ooreenstemming met Ekman & Friesen (1981) en MacKay (1972) beklemtoon dat 'n enkoderingsperspektief noodsaaklik is vir die ontleding van kommunikasiegebeure, gaan hulle nie akkoord met die uitgangspunt dat intensionele gedrag 'n voorwaarde vir kommunikasie is nie. Een van die argumente wat in hierdie verband aangevoer word, is dat die intensie van 'n mededeler nie in terme van waarneembare gedrag omskryfbaar is nie (p. 202).

Ter motivering van die beskouing dat slegs bepaalde gedragsvorme as kommunikasie klassifiseer, onderskei Wiener *et al.* (1972:186, 190) enersyds tussen gedrag as teken en gedrag as kommunikasie en andersyds tussen die afleiding van gevolgtrekkings en die proses van dekodering. Die begrip "teken" impliseer slegs 'n waarnemer wat 'n gevolgtrekking aflei uit, of betekenis toeskryf aan gedrag of 'n gebeurtenis. Die begrip kommunikasie impliseer (a) 'n sosiaal-gedeelde tekensisteem of kode; (b) 'n enkodeerder wat met behulp van die kode iets openbaar maak; (c) 'n dekodeerder wat sistematies op die kode reageer.

Die begrip kode word omskryf as 'n stel arbitrêre komponente wat referente buite hulleself het soos woorde of

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Morse-skrif. Hiervolgens word gedragsvorme wat nie oor sodanige referente beskik nie, nie as 'n kode beskou nie (p. 201, 203). Die begrippe kodegebruik en enkodering impliseer nóg doelgerigte gedrag nóg 'n objektiewe of subjektiewe teleologiese verduideliking (p. 206).

Wiener *et al.* (1972:186) gee toe dat die meeste vorme van nie-verbale gedrag 'n invloed uitoefen op kommunikasie, maar stel dit duidelik dat sodanige verskynsel nie voldoende is om sonder meer gedrag as kommunikasie te beskou nie. Wanneer 'n boodskap-ontvanger byvoorbeeld die nie-verbale gedrag van 'n gespreksgenoot interpreteer as synde 'n aanduiding van byvoorbeeld 'n bepaalde negatiewe houding, kan daar nie noodwendig aanvaar word dat die gespreksgenoot sodanige boodskap gekommunikeer het nie. Die negatiewe houding-boodskap kan onder bepaalde omstandighede bloot as 'n afgeleide gevolgtrekking beskou word. Sodanige gevolgtrekkings is juis die resultaat daarvan dat die gedrag van 'n persoon as 'n teken van iets anders beskou word, terwyl kommunikasie iets impliseer omtrent die aktiwiteit van die handelende persoon en die betekenis van die handeling (p. 186). In hierdie verband stel hulle dit duidelik dat enige vorm van gedrag 'n bron van informasie kan wees in die sin dat waarnemers daaruit gevolgtrekkings kan aflei, maar dat slegs sommige gedragsvorme gedekodeer word (p. 201).

Die onderskeid tussen afgeleide boodskappe en die dekodering van 'n boodskap wat deur middel van gedrag geënkodeer is, word onder meer bepaal deur die teenwoordigheid al dan nie van onafhanklike bewyse dat enkodering plaasvind. Indien genoemde gespreksgenoot - aldus die standpunt van Wiener *et al.* (1972:206) - wél bepaalde gedragsvorme voorsien het wat onafhanklik van die nie-verbale boodskap bewys gelewer het van die bestaan van die enkoderingsproses, kan gestel word dat kommunikasie plaasgevind het.

Wiener *et al.* (1972:206-208) gee 'n aanduiding van die aard van enkoderingsbewyse deur na sekere gedragsaspekte te verwys wat op die linguistiese kode betrekking het. Enkoderingsbewyse met betrekking tot die mededeler behels byvoorbeeld regulerende aspekte soos kykgedrag, stembuiging of pouses wat daarop ingestel is om te bepaal of die ontvanger die boodskap ontvang en verstaan het. Eweneens kan stemverskynsels soos stembuiging en pouses 'n aanduiding wees dat enkodering plaasvind of voortgesit word. Wat die ontvanger van linguistiese boodskappe betref, kan gedrag openbaar word wat deur die mededeler geïnterpreteer word as 'n aanduiding daarvan dat dekodering, begrip of misverstand plaasgevind het ten opsigte van die geënkodeerde boodskap. Die hoofsaak is dat watter bewyse ookal voorsien word, sodanige bewyse onafhanklik van die boodskapsinhoud funksioneer en primêr van belang is in die mate waarin dit die bestaan van die enkoderingsproses bevestig.

Benewens die implikasies wat die voorgaande opmerkings vir die vereistes het waaraan nie-verbale gedrag moet voldoen om as kommunikasie te kan kwalifiseer, omskryf Wiener *et al.* (1972:209) ook vier verdere kriteria waaraan gedrag moet voldoen ten einde as komponente in 'n kommunikasiekode beskou te kan word:

a) Die gedrag moet voortgebring word deur 'n bepaalde kommunikasiegroep. Hierdie kriterium skakel idiosinkratiese gedrag uit aangesien daar nie in sodanige

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

gedrag sprake is van 'n gemeenskaplike kode vir 'n bepaalde groep nie.

b) Die gedrag moet voorkom in verskeie verskillende kontekste. Gevolglik word gedrag wat reaksies is op spesifieke stimulusomstandighede uitgeskakel.

c) Die gedrag moet meer waarskynlik voorkom in verbale kontekste as in enige of alle ander kontekste.

d) Die gedrag as kodekomponente behoort 'n relatief kort tydsduur te omvat. Hierdie vereiste voorkom dat daar op sosiaal-voorgeskrewe gedragspatrone of gedrag wat met persoonlikheidstyle verband hou, gefokus word (bv. die dra van ringe of die hantering van teekoppies).

Dit spreek vanself dat as die vereistes wat Wiener *et al.* (1972) aan nie-verbale gedrag stel om as kommunikasie te kan kwalifiseer, streng toegepas word, daar betreklik min nie-verbale gedragsvorme bestaan wat as kommunikatiewe gedrag beskou kan word. Wiener *et al.* (1972:209-210) bespreek slegs enkele hand- en armgebare wat as kodekomponente beskou kan word. Hieronder ressorteer byvoorbeeld formele en informele pantomimiese gebare en betekeniswysigende en verwante gebare.

Formele pantomimiese gebare word omskryf as gestileerde bewegings van die hande en die arms waarvoor daar 'n kultureel voorgeskryfde betekenis bestaan. Hierdie gebare funksioneer op dieselfde wyse as naamwoorde in die verbale kode. Formele pantomimiese gebare behels gebare wat die plek van woorde kan inneem soos om iemand 'n afskeidsgroet toe te wuif of om met behulp van vingergebare die woorde "in orde" of "perfek" aan te dui. Geïmproviseerde pantomimiese gebare het ook onder meer 'n naamwoordkwaliteit, maar aangesien die betekenis wat aan die gebare toegeskryf word afhanklik is van die situasie, konteks of inhoud, word dit dikwels saam met die verbale kode gebruik. Dié soort gebare funksioneer in die reël op die vlak van beklemtoning, konkretisering of fokussering op 'n spesifieke aspek van die kommunikasie wat verbaal plaasvind.

Betekeniswysigende en verwante gebare behels nie-pantomimiese gebare wat, net soos in die geval van byvoeglike naamwoorde en bywoorde in verbale kommunikasie, aangewend word om die kommunikasie te wysig of te spesifiseer. Hierdie gebare kan ook gebruik word om verbande tussen bepaalde komponente in die kommunikasieproses te spesifiseer. Nie-pantomimiese gebare sluit byvoorbeeld aanwysende gebare in wat die dubbelsinnigheid van die verbale referent kan verminder soos om met die vinger na 'n spesifieke persoon te wys. 'n Verdere voorbeeld van nie-pantomimiese gebare is byvoorbeeld oriëntasie van die handpalms. Hierdie gebare wat 'n aanduiding van die spreker se houding teenoor sy boodskap kan wees, sluit handelinge in soos waar die handpalms na bo gehou word om onsekerheid oor die verbale boodskap wat meegedeel word, te kenne te gee.

## 'N SAMEVATTENDE AANDUIDING VAN ENKELE ASPEKTE VAN DIE PERSPEKTIEWE OP NIE-VERBALE KOMMUNIKASIE WAT AS VERTREKPUNTE KAN DIEN VIR 'N ONDERRIGBENADERING.

### Inleiding

Elk van die genoemde perspektiewe



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

behels sowel bruikbare as onbruikbare aspekte met betrekking tot onderrig. Die onderskeid bruikbaar/onbruikbaar is uiteraard 'n funksie van die spesifieke invalshoek waaruit die drie perspektiewe in oënskou geneem word. In die hieropvolgende bespreking geld die standpunt dat kommunikasie 'n egmenslike, funksionele, sinryke en komplekse verskynsel is. Hierdie tussenmenslike verskynsel neem byvoorbeeld sowel die doelgerigtheid en die personale, sosiale en transendentale betrokkenheid as die eksistensieel-etiese subjektiwiteit van die menslike lewe as vertrekpunt.

**Vakwetenskaplike vertrekpunte**

Gegee genoemde invalshoek, spreek dit vanself dat daar nie sonder meer akkoord gegaan kan word met die basiese uitgangspunt van die perspektief waarin alle gedrag as kommunikasie beskou word nie. Hierdie perspektief, wat deur Patterson (1983:37) as die sisteembenadering en deur Whitman & Boase (1983:19) as die relasionele/interpersoonlike benadering beskryf word, kom ten opsigte van veral die algemene uitgangspunt daarvan, ooreen met die opvatting wat Van Schoor (1986) as die breë weg in die kommunikasiekunde omskryf. Dit is 'n naïewe benadering waarin gestel word dat 'n mens nie eintlik anders kan as om te kommunikeer nie, terwyl mense in werklikheid kommunikeer "omdat dit vir hulle sin het en sin moet verstaan word. En om te verstaan impliseer oplettendheid, 'n oop gemoed, selfdissipline en die besef dat kommunikasie, soos die lewe van die mens, veelkantig is" (Van Schoor, 1986:vii).

Om die wesensaard van nie-verbale kommunikasie werklik te kan verstaan, vereis in die eerste plek dat daar op die een of ander sinvolle wyse 'n onderskeid getref word tussen die potensieel informatiewe nie-verbale gedragsvorme wat as kommunikasie kwalifiseer, dit wil sê bedoelde of doelgerigte gedrag en dié wat nie primêr of inherent kommunikatief van aard is nie, met ander woorde indikatiewe, spontane gedrag waaruit gevolgtrekkings afgelei word. In dié verband kan aspekte van een of meer van die riglyne wat deur Ekman & Friesen (1981), MacKay (1972) en Wiener *et al.* (1972) neergelê word, as vertrekpunt dien.

MacKay (1972:24) merk tereg op dat daar met betrekking tot die waarneming van doelgerigte en nie-doelgerigte gedrag vier kategorieë onderskei kan word. Hierdie kategorieë, wat ook op bedoelde of onbedoelde gedrag van toepassing gemaak kan word, behels situasies waar: (a) 'n persoon doelgerigte gedrag openbaar wat as sodanig geïnterpreteer word; (b) 'n persoon doelgerigte gedrag openbaar wat nie as doelgerig geïnterpreteer word nie; (c) 'n persoon gedrag openbaar wat nie doelgerig is nie, maar wat as doelgerig geïnterpreteer word; en (d) 'n persoon gedrag openbaar wat nie doelgerig is nie en ook nie as doelgerig geïnterpreteer word nie (vgl. ook Fauconnier, 1985:32-33).

Ten opsigte van die voorgenoemde kategorieë kan in aansluiting by aspekte van die beskouing van Burgoon & Ruffner (1978:16) en Whitman & Boase (1983:8-9, 162-163) onderskei word tussen werklike kommunikasie, toegeskryfde kommunikasie, nie-kommunikasie en pogings tot kommunikasie of wankommunikasie. Dit moet egter vooraf toegegee word dat so 'n onderskeid nie noodwendig onder alle omstandighede moontlik is nie omdat die kriteria wat toegepas kan word (byvoorbeeld intensionaliteit, doelgerigtheid en die voorsiening van enkoderingsbewyse) nie onfeilbaar is nie.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Werklike of behoorlike nie-verbale kommunikasie behels informatiewe nie-verbale kommunikasiegebeure waar die mededeler die bedoeling het om 'n bepaalde boodskap te kommunikeer en waar die ontvangers sodanige bedoelde boodskap waarneem en daarop reageer deur betekenis daaraan toe te skryf wat min of meer in ooreenstemming met die bedoelde boodskap is. Die opvallendste voorbeelde van doelgerigte nie-verbale gedragsvorme lê waarskynlik op die terrein van emblematiese kommunikasie. In die verband kan verwys word na embleme vir interpersoonlike opdragte soos "gaan voort", liggaamlike toestande soos "ek kry warm", beledigings soos "hy is gek of waansinnig", antwoorde soos "absoluut ja" en affektiewe toestande soos "ek is verras" of "ek is hartseer" (vgl. bv. Johnson, Ekman & Friesen, 1981:412-415).

Talle navorsingsgegewens dui daarop dat die mens oor die vermoë beskik om 'n verskeidenheid nie-verbale gedragsvorme wat nie van 'n emblematiese aard is nie, op 'n doelgerigte en gekontroleerde wyse te kan enkodeer (vgl. bv. Manusov & Rodriguez, 1989:16). In dié kategorie ressorteer byvoorbeeld die gebruik van kykgedrag om rapport met 'n kommunikasiegenoot te kommunikeer of die aanraking van 'n persoon om persoonlike betrokkenheid te betuig.

Die belangrikste kenmerk van kommunikatiewe gedrag is waarskynlik dat dit meestal bewustelik deur die mededeler geïnisieer word om 'n bepaalde doel te bereik. Die graad van bewustheid kan uiteraad van gedrag tot gedrag verskil omdat 'n kommunikatiewe respons byvoorbeeld in so'n mate gekondisioneerd kan raak dat die prominensie daarvan in kognitiewe bewustheid oor tyd heen kan vervaag (vgl. Patterson, 1983:43).

Omdat kommunikatiewe gedrag uitdrukking gee aan die mededeler se doel kan hy in 'n groot mate kommunikatiewe verantwoordelikheid aanvaar vir die implikasies daarvan op die boodskapontvangers. In gevalle waar die mededeler se evaluering van sy nie-verbale gedrag daarop dui dat die bedoelde boodskap nie begryp word nie of verkeerd vertolk word, lê dit primêr op sy weg om korrektiewe kommunikatiewe gedrag te openbaar. Sodanige gedrag kan 'n herhaling van dieselfde gedrag wees of dit kan 'n ander doelgerigte gedragsvorm of 'n kombinasie van ander kommunikatiewe gedragsvorme behels.

Hoewel deur nie-verbale kodes soos die kinestiek, proksemitiek, kronemiek, paralinguistiek en die artefaktuele kode afsonderlik of in besondere kombinasies selfstandige, bedoelde of doelgerigte boodskappe oorgedra kan word, speel hierdie kodes in die reël 'n rol van fundamentele betekenis in die meeste vorme van verbale gedrag. Sommige kommunikatiewe gebare, byvoorbeeld wanneer met die wysvinger of die kop na'n objek gewys word, kan in 'n bepaalde spraaksituasie ten volle in die gesproke uiting geïntegreer wees, terwyl dit in 'n ander situasie onafhanklik van spraakgebeure 'n aanwysende funksie kan vervul.

Gebare wat ten opsigte van vorm gestandaardiseer is en onafhanklik van spraak volledige kommunikatiewe uitinge behels, staan in die literatuur as semiotiese gebare, simboliese gebare, emblematiese gebare, formele pantomimiese gebare, outonome gebare of embleme bekend (Kendon, 1987:75). Sowel hierdie as ander doelgerigte nie-verbale gedragsuitinge vorm egter 'n relatief geringe deel van die totale informatiewe gedragsaspekte wat in kommunikasiesituasies sensories waarneembaar is. Die meeste vorme van nie-verbale gedrag dien slegs as



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

aanduidings op grond waarvan afleidings gemaak word (vgl. Dittman, 1987:50).

Die afleiding van gevolgtrekkings uit spontane, nie-doelgerigte gedrag kan as toegeskryfde kommunikasie beskou word. Toegeskryfde kommunikasie vind byvoorbeeld plaas wanneer 'n ontvanger in 'n openbare kommunikasiesituasie spesifieke boodskappe toeskryf aan 'n openbare mededeler se gesigsuitdrukkings, artefakte, paralinguistiese uitinge, liggaamsvoorkoms of handgebare, terwyl sodanige informatiewe gedrag - vanuit die oogpunt van die mededeler beskou - enersyds nie op die doelgerigte mededeling betrekking het nie en andersyds nie bedoel is om enige vorm van ervaring, waardes of gevoelens te deel nie. In sulke situasies kan die persoon aan wie se spontane gedrag die een of ander vorm van betekenis toegeskryf word, nie in dieselfde mate verantwoordelikheid aanvaar vir die effek van sy gedrag as in die geval van doelgerigte gedrag nie.

Toegeskryfde kommunikasie speel 'n baie belangrike rol ten opsigte van die vertolking van doelgerigte boodskappe in die sin dat ontvangers normaalweg geneig is om 'n bedoeling toe te skryf aan die indikatiewe gedrag wat die kommunikatiewe gedrag omring. Indikatiewe gedrag voorsien soms belangrike inligting aan die boodskapontvangers, terwyl boodskappe wat daaraan toegeskryf word normaalweg meer vertrou word as dié wat doelgerig mag wees (Patterson, 1983:48). Hierbenewens dui navorsing daarop dat die intensionele nie-verbale gedrag van 'n mededeler dikwels deur ontvangers as meer oorbodig en onvanpas beskou word as die spontane aanduiding van boodskappe (Allen & Atkinson, 1981:224- 237).

Afgesien daarvan dat 'n mededeler se ongekontroleerde uitdrukkings van emosies soms deur ontvangers as meer dubbelsinnig ervaar word as gekontroleerde uitdrukkings (Motley & Camden, 1988:1-22) en dat foutiewe afleidings gemaak kan word, blyk dit dat die verskynsel van toegeskryfde kommunikasie 'n beduidende bydrae kan lewer tot kommunikatiewe interaksies.

Nie-kommunikatiewe gedrag behels daardie vorme van gedrag wat 'n persoon openbaar sonder die bedoeling om daardeur enige boodskap te kommunikeer, terwyl ook die waarnemers daarvan nie die bedoeling om te kommunikeer daaraan toeskryf nie. In sulke gevalle sou ook na nie-informatiewe gedrag of bloot na gedrag verwys kon word.

'n Poging tot kommunikasie behels 'n kommunikasiesituasie waar 'n persoon doelbewustelik poog om 'n spesifiseerbare boodskap te kommunikeer, maar die bedoeling word nie deur die ontvanger waargeneem nie. In dié kategorie ressorteer ook wankommunikasie of onakkurate kommunikasie, soos in gevalle waar die gedekodeerde boodskap nie min of meer ooreenstem met die bedoeling van die mededeler nie.

Met betrekking tot die voorgaande kategorieë kan ook op enkele ander relevante aspekte van die drie perspektiewe op nie-verbale kommunikasie gelet word.

Ondanks al die geldige besware wat teen die basiese uitgangspunt van die sogenaamde relasionele perspektief op nie-verbale kommunikasie ingebring kan word (byvoorbeeld dat dit nie 'n onderskeid tref tussen kommunikatiewe en indikatiewe nie-verbale gedrag nie, of, in die terminologie van hierdie bespreking, nie onderskei tussen kommunikasie, toegeskryfde kommunikasie en

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

nie-kommunikasie nie) het dit ook bepaalde verdienstes. In dié kategorie ressorteer veral twee aspekte, naamlik (1) die klem wat op die rol van die gedragskonteks in die dekodering van boodskappe geplaas word en (2) die beklemtoning van die transaksionele aard van kommunikasiegebeure.

Wat die eerste aspek betref is dit byvoorbeeld kenmerkend van kommunikasietransaksies dat die doeltreffende vertolking van 'n doelgerigte nie-verbale gedragsvorm in 'n groot mate afhanklik is van 'n begrip van die waarneembare verbale- en/of nie-verbale gedragskonteks waarvan dit 'n integrerende deel vorm. So kan die semantiese inhoud van byvoorbeeld 'n handgebaar wat doelgerig aangewend word om 'n boodskap oor te dra soos "ek het hoofpyn" of "ek waarsku jou" dikwels slegs akkuraat bepaal word as die gesigsuitdrukkings of liggaamshouding wat tegelykertyd plaasvind, verreken word. Uiteraard word die mededeling en vertolking van nie-verbale boodskappe ook beïnvloed deur die kulturele, sosiologiese, psigologiese en fisieke konteks waarin dit plaasvind. Die feit dat die mens nie daartoe in staat is om die totale konteks te ken nie, veroorsaak nie dat daardie konteksaspekte wat wél waarneembaar is, nie betekenisryk is met betrekking tot die vertolkingshandeling nie.

Wat die tweede aspek betref, is dit belangrik om daarop te let dat die deelgenote in 'n kommunikasietransaksie nie eksklusief as óf mededelers óf vertolkers van boodskappe optree nie. Hoewel die mededelingshandeling en die vertolkingshandeling van mekaar verskil en dus vir die doeleindes van analise onderskeidbaar is, vorm dit binne die kommunikasieproses 'n eenheidshandeling in die sin dat elke kommunikasiedeelgenoot albei handelinge gelyktydig uitvoer. Só is 'n aktiewe ontvanger en vertolker van boodskappe in 'n kommunikasiesituasie terselfdertyd ook minstens op 'n nie-verbale wyse kommunikatief gerig op die mededeler, wat weer gelyktydig met sy mededelingshandeling ook byvoorbeeld nie-verbale boodskappe ontvang en vertolk. Dié transaksionele betrokkenheid behels, op die keper beskou, 'n mededeler-ontvanger-relasie waarin wedersydse begrip en beïnvloeding plaasvind.

Dat daar in al drie die perspektiewe vanuit die een of ander invalshoek na 'n nie-verbale kodesisteem verwys word, spreek vanself. Wiener *et al.* (1972:209) se opvatting egter, naamlik dat slegs sosiaal-gedeelde gedrag wat deur 'n groep individue voortgebring word as moontlike komponente van 'n kommunikasiekode beskou kan word en dat idiosinkratiese gedrag dus uitgeskakel word, is te beperkend. Indien hierdie kriterium toegepas word, beteken dit dat daar ten opsigte van 'n situasie waar twee persone hulle ervaring aan mekaar bekend maak deur bewustelik en doelgerig 'n bepaalde gebaar te gebruik waarvan die betekenis nie aan ander persone bekend is nie, gestel kan word dat daar nie kommunikasie plaasgevind het nie. In teenstelling met dié beskouing en in aansluiting by dié van Ekman & Friesen (1981:62-63) kan as vertrekpunt vir 'n onderrigbenadering tot nie-verbale kommunikasie van die standpunt uitgegaan word dat doelgerigte idiosinkratiese gedrag wél as kommunikasie kwalifiseer.

Wiener *et al.* (1972:203) se beskouing dat die begrip "kode" slegs betrekking het op simbole wat 'n arbitrêre relasie vertoon met hulle referente, blyk ook 'n uiters onnodige beperking te wees. Dit is wel so dat daar in die linguistiese kode, wat as basis vir genoemde benadering geld, baie min simbole bestaan wat 'n natuurlike of noodwendige ver-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

band het met byvoorbeeld die objekte waarna dit verwys. Dié verskynsel veroorsaak egter nie dat gestel kan word dat 'n persoon wat doelbewus woorde gebruik soos kwêvoël en zoem, waar wel van 'n nie-arbitrêre relasie tussen die gesproke klanktekens van die woorde self en hulle referente sprake is, nie van 'n kommunikasiekode gebruik maak nie.

Op die vlak van nie-verbale gedrag skakel genoemde beperking op die begrip "kode", alle vorme van gedrag uit wat op 'n ikoniese of 'n intrinsieke wyse gekodeer word (vgl. Ekman & Friesen, 1981:70). Gevolglik word sinryke menslike kommunikatiewe handelinge soos dié waar 'n persoon met behulp van sy hande die vorm van 'n objek of die afstand tussen objekte aandui, of waar 'n persoon met sy vinger na iemand wys, nie as kommunikasie beskou nie. In dieselfde kategorie ressorteer byvoorbeeld gesigs-, stem- en liggaamskorrelate van affektiewe ervaringe en die verskeie pouseverskynsels wat blykbaar kognitiewe verwerking aandui (Siegman & Feldstein, 1987:3).

Hoewel Ekman & Friesen (1982:68) se onderskeid tussen arbitrêre, ikoniese en intrinsieke kodering soms in die kommunikasiekundige literatuur bevraagteken word (vgl. bv. Kendon, 1981:34-36), is dit nietemin 'n bruikbare wyse om die relasie tussen 'n gedragsaspek en sy referent, dit wil sê die simbool/teken-betekenis-relasie aan te dui.

Samevattend kom genoemde onderskeid daarop neer dat nie-verbale gedrag wat arbitrêr gekodeer word, nie 'n sintuiglik waarneembare ooreenkoms vertoon met die werklikheidsbegrippe waarna dit verwys nie. In sulke gevalle, soos ook in die geval van nie-klanknabootsende woorde, is daar dus nie sprake van 'n direkte, innerlike of prinsipiële verband tussen die kommunikatiewe gedragsvorm en dit wat dit aandui nie. In ikoniese of nabootsende kodering stem die gedrag in 'n mate ooreen met wat dit beteken, terwyl intrinsieke kodering teken-betekenis-relasies behels waar die kommunikatiewe gedragsaspek sélf die referent is.

## SLOTBESKOUING

Met die oog op 'n onderskeid tussen kommunikasie, toegeskryfde kommunikasie en nie-kommunikasie binne die konteks van nie-verbale gedrag is in die voorgaande bespreking oorsigtelik aandag geskenk aan enkele relevante kenmerke van die drie basiese perspektiewe waaruit nie-verbale kommunikasie normaalweg omskryf word. Die onderskeie uitgangspunte van die drie perspektiewe kan aangedui word as: (1) alle vorme van nie-verbale gedrag kan as kommunikasie beskou word; (2) slegs doelbewuste of doelgerigte nie-verbale gedrag is kommunikasie; en (3) slegs nie-verbale gedrag ten opsigte waarvan onder meer onafhanklike bewyse bestaan dat enkodering plaasvind, kwalifiseer as kommunikasie.

Op grond van hierdie uitgangspunte kan daar tussen twee benaderingswyses tot die omskrywing van nie-verbale kommunikasie onderskei word, naamlik dié waarin nie 'n onderskeid getref word tussen byvoorbeeld kommunikatiewe en nie-kommunikatiewe gedrag nie en dié waarin so 'n onderskeid wel op die een of ander wyse ter sake is.

Omdat kommunikasie die menslikheid van die mens en dus ook onder meer die sin, gerigtheid en betrokkenheid van die menslike lewe as fundamentele vertrekpunt neem, blyk dit sinryk te wees om slegs bedoelde of doelgerigte nie-verbale gedrag (dit wil sê nie-verbale

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

gedrag wat uiting gee aan die mededeler se doel en as sodanig vertolk word) as kommunikatiewe gedrag te klassifiseer. Kommunikatiewe nie-verbale gedrag word in die reël daardeur gekenmerk dat dit 'n enkoderingsproses behels wat primêr ten doel het om 'n spesifiseerbare boodskap te kommunikeer.

Om alle vorme van nie-verbale gedrag wat nie as intensioneel of doelgerig geëvalueer kan word nie, of ten opsigte waarvan nie bewyse bestaan dat enkodering plaasvind nie, kategories as nie-kommunikasie te klassifiseer, blyk nie volkome reg te laat geskied aan die wesensaard en rol van bepaalde vorme van nie-verbale gedrag nie. Dit is byvoorbeeld 'n bekende verskynsel dat indikatiewe nie-verbale gedrag, dit wil sê nie-doelgerigte gedrag, dikwels 'n gedragskonteks voorsien waarbinne boodskapverkeer vergemaklik word. Voorts kan aspekte van die indikatiewe of spontane gedrag van 'n mededeler bydra tot die doeltreffende vertolking van bedoelde gedrag in die sin dat relevante addisionele inligting voorsien word.

Die deelgenote aan kommunikasiegebeure is dikwels geneig om gevolgtrekkings met betrekking tot byvoorbeeld die mededeler se emosionele gesteldheid, gewoontes en blywende karaktertrekke af te lei uit spontane gedrag. Of hierdie afleidings korrek is en 'n positiewe uitwerking op die uitkoms van kommunikasie het al dan nie, doen nie daaraan afbreuk dat dit op die een of ander wyse 'n integrerende deel van die vertolkingshandeling uitmaak nie. Dit blyk dus 'n werkbare benadering te wees om gebeure waar betekenis of 'n bedoeling aan nie-doelgerigte gedrag toegeskryf word, eerder as toegeskryfde kommunikasie te beskou as om bloot - soos normaalweg die geval is - daarna te verwys as nie-kommunikasie.

Die begrip nie-kommunikatiewe gedrag behels alle vorme van nie-verbale gedrag wat nie bedoel is om boodskappe oor te dra nie, nie as doelgerig geëvalueer word nie, nie vertolk word nie en waaraan dus ook nie 'n bedoeling of betekenis toegeskryf word nie.

Die voorgaande onderskeid tussen kommunikasie, toegeskryfde kommunikasie en nie-kommunikasie met betrekking tot nie-verbale gedrag, wat uiteraard nog in 'n groot mate vakwetenskaplik verfyn behoort te word, kan as vertrekpunt dien vir 'n benadering tot die onderrig van nie-verbale kommunikasie.

## Bronnelys


ALLEN, V L & ATKINSON, M L (1981). Identification of spontaneous and deliberative behavior. ***Journal of nonverbal behavior***, 5:224-237.

BATESON, G (1979). ***Mind and nature: A necessary unity***. New York: Dutton.

BIRDWHISTELL, R L (1952). ***Introduction to kinesics***. Louisville: University of Kentucky Press.

BIRDWHISTELL, R L (1970). ***Kinesics and context: Essays on body motion communication***. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

BORMANN, E G (1980). ***Communication theory***. New York: Holt, Rinehart & Winston.

DITTMAN, A T (1987). The role of body movement in communication. In Siegman, A W & Feldstein, S (Eds.) (1987). ***Nonverbal behaviour and communication.*** Hillside, N J: Lawrence Erlbaum Associates: 37-64.

EKMAN, P & FRIESEN, W V (1981). The repertoire of nonverbal behavior: Categories, origins, usage and coding. In Kendon, A (Eds.) (1981) ***Nonverbal communication interaction and gesture.*** The Hague: Mouton Publishers: 57-105.




Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

EXLINE, R V & FEHR, B J (1982). The assessment of gaze and mutual gaze. In Scherer, K R & Ekman, P (Eds.) (1982). ***Handbook of methods in nonverbal behaviour research.*** Cambridge: Cambridge University Press: 91-135.

FAUCONNIER, G (1985). ***Aspects of the theory of communication*** (English translation by M. van Schoor). Pretoria: Academica.

GOTTSCHALK, L A & AUERBACH, H (Ed.) (1966). ***Methods of research in psychotherapy***. New York: Appleton-Century-Crofts.

HINDE, R A (Ed.) (1972). ***Non-verbal communication***. Cambridge: University Press.

JOHNSON, H G, EKMAN, P & FRIESEN, W V (1981). Communicative body movements: American emblems. In Kendon, A (Ed.) (1981). ***Nonverbal communication interaction and gesture.***The Hague: Mouton Publishers: 401-419.

KENDON, A (Ed.) (1981). ***Nonverbal communication, interaction and gesture***. The Hague: Mouton Publishers.

KENDON, A (1981). Introduction: Current issues in the study of "nonverbal communication". In Kendon, A (Ed.) (1981). ***Nonverbal communication interactionary gesture.*** Hague: Mouton Publishers: 1-53.

KENDON, A (1987). On gesture: Its complementary relationship with speech. In Siegman, A W & Feldstein, S (Eds.) (1987). ***Nonverbal behaviour and communication.*** Hillside, N J: Lawrence Erlbaum Associates: 65-97.

KNAPP, M L (1980). ***Essentials of nonverbal communication***. New York: Holt, Rinehart & Winston.

KNAPP, N L., WIEMANN, J M & DALY, J A (1978). Nonverbal communication: Issues and appraisal. ***Human Communication Research***, 4(3):271-280.

LYONS, J (1972). Human language. In Hinde, R A (Ed.) (1972). ***Non-verbal communication.*** Cambridge: University Press: 49-85.

MACKAY, D M (1972). Formal analysis of communicative process. In Hinde, R A (Ed.) (1972). ***Non-verbal communication.*** Cambridge: University Press: 3-25.

MANUSOV, V & RODRIGUEZ, J S (1989). Intensionality behind nonverbal messages: A persceiver's perspective. ***Journal of Nonverbal Behavior***, 13(1):15-24.

MARAIS, H C (1979). ***Kommunikasie in kleingroepe***. Bloemfontein: P.J. de Villiers.

MEAD, G H (1934). ***Mind, self and society***. Chicago: University of Chicago Press.

MEHRABIAN, A (1972). ***Nonverbal communication***. Chicago: Aldine & Atherton.

MOTLEY, M T & CAMDEN, C T (1988). Facial expression of emotion: A comparison of posed versus spontaneous expressions in an interpersonal communication setting. ***Western Journal of Speech Communication***, 52:1-22.

NILSEN, T S (1970). On defining communication. In Sereno, K K & Mortensen, C D (1970). ***Foundations of communication theory.*** New York: Harper & Row: 15-24.

PATTERSON, M L (1983). ***Nonverbal behavior: A functional perspective***. New York: Springer-Verlag.

POYATOS, F. (1983). ***New perspectives in nonverbal communication***. Oxford: Pergamon Press.

RUESCH, J (1953). Synopsis of the theory of human communication. ***Psychiatry***, 16:215-243.

SCHEFLEN, A E (1964). The significance of posture in communication systems. ***Psychiatry***, 27:316-331.

SCHEFLEN, A E (1965). Quasi-courtship behavior in psychotherapy. ***Psychiatry***, 28:245-257.

SCHEFLEN, A E (1966). Natural history

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

method in psychotherapy: Communicational research. In Gottschalk, L A & Auerbach, H (Eds.) (1966). ***Methods of research in psychotherapy.*** New York: Appleton - Century - Crofts: 276-284.

SCHEFLEN, A E (1972). ***Body language and the social order***. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

SCHEFLEN, A E (1973). ***Communicational structure: Analysis of a psychotherapy transaction***. Bloomington: Indiana University Press.

SCHEFLEN, A E (1974). ***How behavior means***. Garden City, N.J.: Anchor.

SCHERER, K R & EKMAN, P (Eds.) (1982). ***Handbook of methods in nonverbal behavior research***. Cambridge: Cambridge University Press.

SEBEOK, T A (Ed.) (1977). ***How animals communicate***. Bloomington: Indiana University Press.

SEBEOK, T A (1977). Zoosemiotic components of human communication. In Sebeok, T A (Ed.) (1977). ***How animals communicate.*** Bloomington: Indiana University Press: 1056-1077.

SEBEOK, T A (Ed.) (1978). ***Sight, sound and sense***. Bloomington & London: Indiana University Press.

SERENO, K K & MORTENSEN, C D (1970). ***Foundations of communication theory***. New York: Harper & Row.

SHANNON, C E & WEAVER, W (1949). ***A mathematical theory of communication***. Urbana, Illinois: University of Illinois Press.

SIEGMAN, A W & FELDSTEIN, S (1987). Introduction. In Siegman, A W & Feldstein, S (Eds.) (1987). ***Non-verbal behaviour and communication.*** Hillside, N J: Lawrence Erlbaum Associates.

SIEGMAN, A W & FELDSTEIN, S (Eds.) (1987). ***Nonverbal behavior and communication***. Hillside, N.J.: Lawrence Erlbaum Associates.

STOKOE, W C (1978). Sign language and the verbal/nonverbal distinction. In Sebeok, T A (Ed.) (1978). ***Sight, sound and sense.*** Bloomington, & London: Indiana University Press: 157-172.

VAN SCHOOR, M (1986). ***Wat is kommunikasie?*** Pretoria: Van Schaik.

WATZLAWICK, P, BEAVIN, J & JACKSON, D (1967). ***Pragmatics of human communication***. New York: Norton.

WHITMAN, R F & BOASE, P H (1983). ***Speech communication***. New York: Macmillan.

WIENER, M, DEVOE, S, RUBINOW, S, & GELLER, . (1972). Nonverbal behavior and nonverbal communication. ***Psychological Review***, 79(3):185-214.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).